05 Aug
Uitgawe 2009/08/05

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Hy laat eerlike mense sukses behaal en Hy beskerm dié wat onberispelik lewe. Hy sien toe dat reg geskied, Hy hou wag oor die pad van sy troue dienaars. As jy aanneem wat ek jou sê, sal jy insig kry in wat regverdig en reg en billik is en sal jy op die goeie pad bly (**Spr.2:7-9**). Daagliks lees ons berigte waar mense protes en uitroep vir regverdigheid en geregtigheid. Daar is geen bevoordeling van persoon by God nie. (**Rom.2:11**). Ons, wat die Kerk van Christus uitmaak kan uitroep vir insig en wysheid (**Spr.2:3**) om die wêreld te lei na die Bron van alle Wysheid in hierdie onseker tye. ***Vader ons roep uit na U vir onderskeiding en insig. Ons het U nodig om ons te wys hoe om opreg te lewe sodat U Koninkryk hier op die aarde gebou kan word.***

Deurbraak : Bordspel gee hoop aan jongmense

Pauline Shum Sui-ping was geskok oor die toename in die aantal selfmoorde onder jongmense in die jaar 2007 en het gevoel dat 'n beter kennis van die Woord hoop sal skep by diegene wat nie meer hoop het nie. Sy het vorendag gekom met 'n bordspel, *"The Great Leader, Moses"* gebaseer op die Ou Testament profeet se lewe. Sy sê dat daar verskeie inspirerende boodskappe is wat 'n mens kan leer van Moses se lewe, die eerste om nooit op te gee nie. Die bordspel kan gespeel word deur 3 tot 6 persone. Jongmense wat al die speletjie gespeel het, sê dit is baie goed.

Bid vir jou gemeenskap : Werkloosheid

Werkloosheidsyfers en huise wat terug geëis word is aan die toeneem en diegene wat onder die broodlyn lewe het ook toegeneem. (Webruimte: http://worldprayer.org.uk/uploads/Friday_Focus_July_2009.doc, 03/07/09). ***Bid asseblief vir wysheid, moed en uithouvermoë vir diegene wat finansiële probleme het en wat moontlik hul huis of werk gaan verloor. Bid ook vir God se voorsiening vir organisasies en welsynorganisasies wat behoeftiges kan help en dat hulle 'n seëning sal wees vir hulle wat advies en ondersteuning nodig het.***

Suid-Afrika : Stakings

Munisipale brandweermanne wat aan die staking deel geneem het verlede week, het geweier om hulp te verleen om 'n gewonde vrou en die liggaam van haar man uit 'n motorwrak te sny na 'n ongeluk waarin hul twee babas gesterf het. Brandweermanne van Eskom Kriel se kragstasie het hulle gehelp. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/2ca48a44762f447ba2c4cc80f819c612/03-08-2009%2009-22/Striking_workers_say_no_to_crash, 03/08/09). Daar was alreeds 24 groot proteste teen dienslewering in Suid-Afrika teen middel Julie hierdie jaar, naby die totaal vir almal van 2008 (27) en 2007 (31). (E-pos: fact.a.day@eighty20.co.za, 03/08/09). ***Bid dat hierdie staking en andere spoedig ontlont sal word. Bid dat diegene wat nie ondersteun kon word in hul tyd van nood nie haatdraend sal wees teenoor enige persoon of departement nie, maar dat hul vergewensgesind sal wees.***

Internasionaal : Noord-Korea

'n Christenvrou is tereggestel deur die regering van Noord-Korea omdat sy Bybels versprei het en haar familie is gevonnis tot 'n gevangeniskamp. Ri Hyon is gearresteer en aangekla dat sy spioeneer vir ander regerings. Noord-Korea word reeds gesien as die grootste onderdrukker van menseregte in die wêreld en ook die grootste vervolger van Christene. Volgens *Geopende Deure* word tussen 50 000 en 60 000 mense in strafkampe aangehou. Die teregstelling van Ri Hyon het vrees ontlok vir 'n groter golf van vervolging wat kan volg. (E-pos: win@win1040.com, 29/07/09). ***Bid dat onregverdige teregstelling van Christene tot 'n einde sal kom in hierdie land. Bid dat Christene wat deur die regering aangehou word vrygelaat sal word en dat hul geloof in God nie sal wankel tydens aanhouding nie. Bid vir vryheid om te aanbid om gegun te word aan elke Noord-Koreaan en nie net buitelanders nie. Bid dat die donker wolk van geestelike duisternis wat oor Noord-Korea hang vernietig sal word deur die bevrydende Lig van Jesus Christus.*** (**Hand.26:18**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com